Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## NOVEMBER 2023

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com


## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinkonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 50 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A: ARTIKEL**

**SUID-AFRIKANERS SE SMULKOS**

Amasi, frikkadelle, malvapoeding, *walkie talkies ...*



1 Suid-Afrikaners hou van lekker eet. Ons land het 'n ryk koskultuur. Lande wat 'n rol in ons geskiedenis gespeel het, het ook hulle kossoorte Suid-Afrika toe gebring. Daar is egter ook geregte (eetgoed) wat inheems aan ons land is.

2 LekkeSlaap is 'n organisasie wat vir toeriste inligting gee oor plekke waar hulle kan bly en dinge wat hulle daar kan doen terwyl hulle met vakansie is. Hierdie organisasie het onlangs 'n ondersoek gedoen en geregte geïdentifiseer wat eie aan elk van ons nege provinsies is.

3 Die Wes-Kaap is bekend vir geurige kerriegeregte soos bobotie en heerlike soetgoed, byvoorbeeld koesisters. As jy egter dié Wes-Kaapse eetding wil geniet, is 'n *gatsby* die ding waarna jy soek. Hierdie toebroodjie het in die 1970's op die Kaapse Vlakte ontstaan en is 'n goedkoop ete wat jou gou vul. Jy eet nie hierdie lang broodrol, gevul met masala-biefstuk, polonie of Russiese wors, gebakte eiers, slaptjips en blaarslaai met 'n mes en 'n vurk nie. Jy eet dit ook nie alleen nie. Dit is kuierkos!



4 In KwaZulu-Natal kraai die *bunny chow*, wat uit die 1940's dateer, beslis koning. Die mense vertel dat werkers op die suikerrietplantasies 'n manier moes vind om hulle kos werk toe te neem. 'n Uitgeholde brood was 'n praktiese oplossing. Deesdae is hierdie uitgeholde brood gevul met kerrie oral beskikbaar en 'n móét vir enige besoeker aan Durban.

5 Suid-Afrikaners het geen rede of verskoning nodig om te kan braai nie. Ons het dan selfs 'n braaidag! Ons sal in die wind en die weer, binne of buite, met steenkool of hout braai. Shisanyama het hierdie braai-ding 'n bietjie verder gevoer. Dit het in Gauteng se *township*-slaghuise begin om verkope te verbeter, maar dit het vinnig gegroei om veel meer as net pap en gebraaide vleis te wees. Waar *shisa nyama* bedien word, word daar ook lekker gekuier.

6 Baie mense trek dalk hulle neuse op vir *mogudu* en *ting,* maar in Noordwes is dit koningskos. *Mogudu* is skaap- of beesafval en word ure lank gekook totdat dit heerlik sag is. Dit word saam met *ting*, 'n suur pap, bedien. In die Oos-Kaap kan jy 'n gesonde bord pap en wors geniet en dit met 'n tradisionele mieliebier afsluk.

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com


7 In 2019 is Tannie Poppie van Touwsrivier amptelik uitgenooi om haar beroemde roosterkoek by 'n fietswedren in Italië te gaan bedien. Roosterkoek, of askoek, is deel van die Nama-kultuur en die mense van die Noord-Kaap is baasbakkers van hierdie gereg.

8 Potjiekos is byna sinoniem met die Vrystaat. Dit is deel van hulle geskiedenis en hulle erfenis. In sy liedjie, *Potjiekos*, sing Anton Goosen dat hierdie gereg selfs op die Groot Trek was. Daar is nie net een resep vir potjiekos nie; daar is baie resepte. Jy kan 'n potjie met seekos maak of een heeltemal sonder vleis. In die Vrystaat kan jy egter nie verkeerd gaan met 'n pot vol lamsvleis, groente, knoffel en lekker rooiwyn nie.

9 Mpumalanga spog met pragtige natuurskoon en ook met sorghum. Dit is 'n graansoort wat in moeilike weersomstandighede kan groei en word gebruik om 'n pap te maak wat met melk bedien word. Hulle gebruik dit ook om bier te maak.

10 Limpopo is in die verre noorde van ons land. Hierdie provinsie is bekend vir sy platteland. Daarom kan 'n mens verstaan dat die eetgoed in hierdie provinsie meer natuurlik van aard is. Baie mense mag dalk nie van mopaniewurms hou nie, maar dié beenlose lekkerny is nie net ekonomies nie, dit bevat ook drie keer meer proteïene as beesvleis.



11 Dan is daar ook baie gewilde geregte wat oral in ons land geniet word. Die melktertresep het in die 1600's saam met die Nederlanders in die Kaap aangekom. Vandag word hierdie lekkerny met kaneelsuiker landwyd geniet. En wat is lekkerder as 'n vars vetkoek met maalvleis of stroop? Dis net glad nie bedoel vir mense wat op 'n dieet is nie.

12 Party van ons grootste gunstelinge is selfs in die buiteland gewild. Biltong word van beesvleis of wildsvleis gemaak en met speserye gegeur. En ... jy sal dit op rakke in Nederland en Nieu-Seeland ook kry.

13 Jy is wat jy eet, word daar gesê. Die beste manier om mense te leer ken, is deur kos. In Suid-Afrika beteken lekker eet dikwels ook lekker kuier!

[Verwerk uit google, wikipedia, e.a.]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Noem EEN voorbeeld van Suid-Afrikaners se smulkos, soos dit in die subtitel van hierdie artikel gegee word. (1)

1.2 Watter organisasie het onlangs 'n ondersoek gedoen om uit te vind watter kosse eie aan Suid-Afrika is? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.3 Skryf EEN woord uit paragraaf 1 neer wat dieselfde beteken as "eie" aan Suid-Afrika (paragraaf 2). (1)

1.4 Die *gatsby* is 'n gereg wat uit Engeland kom.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.5 Wat kan jy in die plek van Russiese wors gebruik as jy 'n *gatsby* wil maak? (1)

1.6 Waarom is 'n *gatsby* waarde vir jou geld? (1)

1.7 Waar het die Natalse werkers gewerk wat jare gelede met die *bunny chow* begin het? (1)

1.8 In KwaZulu-Natal **kraai** die *bunny chow* **koning**. (Paragraaf 4)

Sê hoe word die vetgedrukte woorde hierbo figuurlik bedoel. (1)

1.9 "*Shisanyama* het hierdie braai-ding 'n bietjie verder gevoer." (Paragraaf 5)

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die mense het met *shisanyama* begin omdat hulle (meer vleis wou verkoop/ meer mense na Gauteng wou lok). (1)

1.10 In watter opsig is die twee geregte van Noordwes en die Oos-Kaap dieselfde? (Paragraaf 6) (1)

1.11 Wat word roosterkoek ook in die Noord-Kaap genoem? (1)

1.12 Watter sanger het 'n liedjie oor potjiekos gemaak? (1)

1.13 Waaruit lei ons af dat potjiekos al eeue lank deel van ons koskultuur is? (1)

1.14 Noem EEN ding waarvoor die mense in Mpumalanga sorghum gebruik. (1)

1.15 Almal hou dalk nie van mopaniewurms nie, maar in Limpopo is dit 'n lekkerny.

1.15.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Mopaniewurms is (nadelig/voordelig) vir mense wat dit eet. (1)

1.15.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.15.1. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.16 Ons lees in die teks van die geregte wat ons in die verskillende provinsies kry.

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die gereg in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–F) langs die vraagnommers (1.16.1 tot 1.16.5) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.16.1 *mogudu* | A In die Vrystaat gebruik hulle veral lamsvleis vir hierdie gereg. |
| 1.16.2 roosterkoek | B Hierdie is 'n heerlike kerriegereg van die Wes-Kaap. |
| 1.16.3 potjiekos | C Ons kry hierdie gereg net in Gauteng. |
| 1.16.4 melktert | D Hierdie gewilde gereg het naam gemaak oorsee. |
| 1.16.5 bobotie | E Dié gereg neem lank om voor te berei. |
| | F Die Nederlanders het hierdie gereg na ons land toe gebring. |

(5 x 1) (5)

1.17 Waarom was dit 'n slim idee van LekkeSlaap om hierdie inligting oor Suid-Afrika se kos aan die publiek bekend te maak? (1)

1.18 "Jy is wat jy eet, word daar gesê." (Paragraaf 13)

Stem jy met hierdie stelling saam? Motiveer jou antwoord. (1)

1.19 Waarom pas die woord "kuierkos" so goed by die inhoud van hierdie artikel? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

**TEKS B: TV-GIDS**

Bestudeer die gids hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

# JOU TV-GIDS
# SABC 2 en VIA
# Maandag 27 November 2023

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **H** | Herhaling | **O** | Omnibus *(herhaling van 'n paar episodes in die reeks)* | ✶ Flieks |

| | **SABC 2** | | | **VIA** | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 07:00 | Morning Live<br>*Bly ingelig met die nuus en ander sake van die dag* | | 13:00 | Musiekpaniek<br>*Musiekvasvra* |
| **O** | 08:30 | Good People | **H** | 17:00 | Stoofstories met Marinda<br>*Seisoen 1*<br> |
| | 13:00 | Stand Up South Africa<br>*Sangkompetisie waar familie-duo's met mekaar kompeteer*<br> | | 18:00 | Wys my 'n Huis<br>*Opwindende reeks vir mense wat huis wil koop*<br> |
| | 18:30 | Nuus (Afrikaans) | **H** | 20:00 | Konings van Kitskos<br>*Alvin Bruinders en Gerhard Steyn reis deur SA om die beste 'burger' te vind. Seisoen 7*<br> |
| | 20:00 | Nuus (Sesotho/Setswana/ Sepedi) | **H** | 23:00 | Kies die lewe<br>*Met Ivor Swartz; gee jou die kans om te praat en raad te vra oor emosionele sake*<br> |
| ✶ | 20:30 | Fiela se Kind<br>*2019. Familiedrama 120 min. Met Zenobia Kloppers en Wayne Smith*<br> | | | |

[Verwerk uit verskeie gidse en Google]

Downloaded from Stanmorephysics.com



1.20 Waarom is daar 'n ✶ in die gids langs *Fiela se Kind* geplaas? (1)

1.21 Hoe weet ons dat daar van 08:30 af 'n paar episodes van *Good People* op SABC 2 uitgesaai word? (1)

1.22 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.22) neer.



Uit hierdie prentjie kan ons aflei dat die man raad nodig het oor ...

A die plek waar hy sy bestuurderslisensie kan hernu.
B die universiteit waar hy aansoek moet doen.
C die probleme tussen hom en sy geliefde.
D die nuwe huis wat hy wil koop. (1)

1.23 Waarom pas die prentjie  by die spesifieke program? (1)

1.24 Waarom is dit beter om na SABC 2 as na Via te kyk indien jy wil weet wat elke dag in die wêreld rondom jou gebeur? (1)

1.25 Verduidelik waarom die uitleg van hierdie TV-gids gebruikersvriendelik is. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

### VRAAG 2

Selfone is niks vreemds nie, maar daar is 'n paar **vreemde feite oor selfone**.

### INSTRUKSIES

1. Som SEWE VREEMDE FEITE OOR SELFONE in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die feite puntsgewys neer.
3. Nommer die feite van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**VREEMDE FEITE OOR SELFONE**

Vandag gebruik miljarde mense wêreldwyd selfone om te kommunikeer. Hier is 'n paar vréémde feite oor selfone.

Ons sien taxi's om elke hoek en draai in Suid-Afrika. Dan is dit moeilik om te glo dat daar meer selfone in Suid-Afrika is, as wat daar taxi's, televisiestelle en radio's saam is. Mense raak ongelukkig as hulle nie hulle selfone kan gebruik nie. Dan kan 'n mens verstaan dat die meeste mense 110 keer per dag op die een of ander manier hulle selfone gebruik.

Mense sit hulle selfone orals neer sonder om daaroor na te dink. Dalk sal mense versigtiger wees as hulle weet dat daar 19 keer meer bakterieë op selfone as op toilethandvatsels is.

Dit is duur om 'n selfoon te besit en te gebruik. Die hoogste bedrag op 'n selfoonrekening was dié van Celina Aarons van Florida. Sy het in 2011 'n rekening van 201 000 dollar gekry. Daar word duisende selfone gesteel. Tog hou 'n juwelier in Hongkong die rekord vir die 6 576 diamante wat op 'n selfoon aangebring is.

Kan jy glo dat mense selfone ook vir 'n sport gebruik? Inderdaad. In Finland is selfoongooi nou 'n amptelike sportsoort.

Een van die probleme wat selfoongebruikers dikwels het, is dat hulle nie hulle selfone kan laai nie. Wetenskaplikes van die Bristol Robotics Laboratory in Engeland het 'n oplossing hiervoor gevind: daar is 'n manier om selfone met urine te kan laai.

Net wanneer jy dink jy het nou alles gehoor, is daar nuwe, vreemde feite oor selfone.

[Verwerk uit af.kuzminykh.org en af.inditics.com]

**TOTAAL AFDELING B: 10**


Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie (TEKS D) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**




[Verwerk uit Google Images]

3.1 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Jou eg (Suid-Afrika) T-hemp! (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

3.2 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Beskikbaar in ...
rooi, (groen) en geel! (1)

3.3 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.3) neer.

Dames word in die advertensie gestereotipeer as mense wat ...

A geld nie slim gebruik nie.
B geld op onnodige dinge bestee.
C tyd mors om na winskopies te soek.
D nie die pryse van produkte dophou nie. (1)

3.4 Kry 20%-afslag op <u>die beste T-hemp in Suid-Afrika</u>.

Waarom is die onderstreepte gedeelte **nie** 'n FEIT **nie**? (1)

3.5 Koop <u>nou</u>

Gebruik enige advertensietegniek om die onderstreepte woord meer trefkrag te gee. (1)

3.6 Waarom is die gebruik van die vingerafdruk effektief as jy na die naam van die produk kyk? (1)

3.7 Waarom, dink jy, word die produk in die vorm van 'n T-hemp geadverteer? (1)

3.8 Watter EEN woord gebruik die adverteerder om vir die leser te sê dat 'n mens die T-hemp vir 'n lang tyd sal dra? (1)

3.9 Die pryse is net op <u>www.UNIEK.co.za</u> beskikbaar.

3.9.1 Watter groep mense, dink jy, word hierdeur uitgesluit? (1)

3.9.2 Waarom, dink jy, sal hierdie uitsluiting die adverteerder se besigheid benadeel? (1)
**[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




[Verwerk uit Google Images]

4.1 Skryf die sin hieronder in RAAMPIE 1 in die INDIREKTE REDE. Gebruik **dat** in jou antwoord.

Boet sê vir Jan: "My groentetuin vorder fluks."

**Begin só**: Boet sê vir Jan dat ... (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.2 Hoe kan ons in RAAMPIE 1 sien dat Boet tevrede is met sy groente wat so mooi groei? Noem TWEE visuele tekens. (2)

4.3 Kyk na RAAMPIE 2.

4.3.1 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.3.1) neer.

Met hierdie woorde is Brak ...

A eerlik.
B sarkasties.
C gehoorsaam.
D entoesiasties. (1)

4.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.3.1. (1)

4.4 Gee die OORTREFFENDE TRAP van vergelyking van die woord tussen hakies.

Ek wil die (mooi) tuin hê. (1)

4.5 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.5) neer.

Kom wortel**tjies**, ... (RAAMPIE 3).

Hierdie verkleinwoord sê dat die wortels nog klein is. Dit sê ook dat Boet ....

A nie aandag gee aan die ander groente in sy tuin nie.
B baie vir sy groentetuin omgee.
C daarvan hou om wortels te eet.
D geld uit sy wortels wil maak. (1)

4.6 Kyk na hoe Boet sy wortels natgooi. (RAAMPIE 3 en RAAMPIE 4)

Waarom kan 'n mens verstaan dat daar vuil water in Brak se bak beland het? Gee EEN visuele rede. (1)

4.7 Kyk weer na Brak se gedagtes in RAAMPIE 3 en RAAMPIE 4.

Waarom is Brak se gedagtes ironies? (2)
**[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: ARTIKEL**

**SOETE SUKSES VIR DIE NDLOVU JEUGKOOR MET HULLE EIE LIEDJIE**

Die Ndlovu Jeugkoor het in 2009 begin. Dit bestaan uit 30 (5.1.1) (koorlid). Dit is hoofsaaklik tieners en jongmense tussen (5.1.2) (14) en 24 jaar oud.

In 2019 was die koor die (5.1.3) (een) koor in die geskiedenis van America's Got Talent (AGT) wat tot by die finale rondte gevorder het. (5.1.4) (Hulle het nie die kompetisie gewen nie. Mense was mal oor hulle musiek). Daarna het Sony Music in SA 'n kontrak met hulle geteken. In (5.1.5) (November) 2009 het die koor hulle debuutalbum vrygestel.

Die koor sing in al twaalf (5.1.6) (land+tale). Hulle eintlike genre is afro-pop, maar hulle probeer om verskillende genres te sing. Deur hulle vertonings is hulle betrokke by dinge wat (5.1.7) (elke dag) met mense gebeur. In 2021 het hulle gebaretaal aangeleer en dit in hulle vertoning gebruik om *World Hearing Day* te (5.1.8) (fier/vier).

Die koor het onlangs weer met groot sukses (5.1.9) (...) die AGT deelgeneem. Hulle het hul eie liedjie, *We will rise*, gesing. Simon Cowell, bekende (5.1.10) (beoordeel), was beïndruk. Hy het gesê dit was die (5.1.11) (reg) besluit om hulle eie musiek te sing.

Die wêreld het kennis geneem (5.1.12) (van) ons koor! Hulle gaan nou deel wees van die (5.1.13) (volgende) AGT: All Stars.

[Verwerk uit *Vrouekeur*, 8 November 2019 en *Die Burger*, 25 Januarie 2023]

5.1.1 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Dit bestaan uit 30 (koorlid). (1)

5.1.2 Skryf die GETAL tussen hakies as 'n woord.

Dit is hoofsaaklik tieners en jongmense tussen (14) en 24 jaar oud. (1)

5.1.3 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

In 2019 was die koor die (een) koor in die geskiedenis van America's Got Talent wat tot by die finale rondte gevorder het. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.1.4 Verbind die twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies en plaas die KOMMA op die korrekte plek.

Hulle het nie die kompetisie gewen nie. Mense was mal oor hulle musiek. (alhoewel).

**Begin só:** Alhoewel hulle nie ... (2)

5.1.5 Gee die AFKORTING vir die woord tussen hakies.

In (November) 2009 het die koor hulle debuutalbum vrygestel. (1)

5.1.6 Gee die SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Die koor sing in al twaalf (land+tale). (1)

5.1.7 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.

Deur hulle vertonings is hulle betrokke by dinge wat (elke dag) met mense gebeur. (1)

5.1.8 Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies.

In 2021 het hulle gebaretaal aangeleer en dit in hulle vertoning gebruik om *World Hearing Day* te (fier/vier). (1)

5.1.9 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Die koor het onlangs weer met groot sukses (...) die AGT deelgeneem. (1)

5.1.10 Vorm 'n SELFSTANDIGE NAAMWOORD van die woord tussen hakies.

Simon Cowell, bekende (beoordeel), was beïndruk. (1)

5.1.11 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Hy het gesê dit was die (reg) besluit om hulle eie musiek te sing. (1)

5.1.12 Gebruik die HOMONIEM van die woord tussen hakies in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk.

Die wêreld het kennis geneem (van) ons koor! (1)


5.1.13 Verdeel die woord tussen hakies korrek in LETTERGREPE.

Hulle gaan nou deel wees van die (volgende) AGT: All Stars. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**



[Bron: google images]

5.2.1 Skryf die hele sin oor in die INFINITIEF.

Die kind op die stoel is besig (werk op die rekenaar). (1)

5.2.2 Skryf die sin hieronder oor in die VERLEDE TYD.

Die twee kinders op die bed bespreek die werk. (1)

5.2.3 Gee die korrekte AFRIKAANS vir die woord tussen hakies.

Ons sien mooi bome deur die (*window*). (1)

5.2.4 Skryf die sin oor in die ONTKENNING.

Die kinders se kamer is altyd deurmekaar. (1)

5.2.5 Skryf die HELE sin hieronder in die korrekte WOORDORDE.

Die kinders pak (op die boekrak) (die boeke) (netjies). (1)

5.2.6 Gee die ALGEMENE NAAM (versamelnaam) wat mense vir die woorde tussen hakies gebruik.

Terwyl die kinders lees, is hulle nie besig met (Facebook, Instagram of Twitter) nie. (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2023**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**ALGEMENE NASIENRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na – eers horisontaal en dan vertikaal.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 1**

**TEKS A: SUID-AFRIKANERS SE SMULKOS**
[Verwerk uit google, wikipedia,e.a.]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | • amasi<br>• frikkadelle<br>• malvapoeding<br>• *walkie talkies*<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.2 | LekkeSlaap | 1 |
| 1.3 | "inheems"<br>*(Penaliseer nie as die woord nie tussen aanhalingstekens is nie)* | 1 |
| 1.4 | Die *gatsby* ...<br>• het op die Kaapse Vlakte ontstaan.<br>• kom uit die Wes-Kaap/Kaap/Suid-Afrika.<br>• Aanvaar ook die aanhaling: "As jy egter dié Wes-Kaapse eetding wil geniet ... "<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.5 | polonie | 1 |
| 1.6 | • Dit is vullend./Dit maak jou (gou) vol/versadig/dik.<br>• Jy kry verskillende/meer as een vulsel(s) in een broodjie. (Kandidaat kan ook spesifiseer wat jy alles op die broodjie kry.)<br>• Dit is goedkoop./Meer as een persoon kan van een *gatsby* eet./Jy eet dit nie alleen nie.<br>• Dit is 'n lang brood (nie gewone porsie nie).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.7 | (Op/In die) suikerrietplantasies | 1 |
| | | |
| 1.8 | • Dit is die gereg waarvoor KZN regtig bekend is.<br>• Hierdie gereg is die gewildste/baie gewild/populêr/gunsteling kos/ beste kos (in KZN).<br>• Die gereg is oral in KZN beskikbaar.<br>• Baie mense koop dit.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.9 | meer vleis wou verkoop | 1 |
| | | |
| 1.10 | • Albei geregte word met **pap** bedien./Pap<br>• **Pap** is die gemeenskaplike gereg.<br>• In albei provinsies word **pap** saam met 'n vleisgereg/vleis bedien/geëet.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.11 | askoek | 1 |
| | | |
| 1.12 | Anton Goosen | 1 |
| | | |
| 1.13 | • Potjiekos was deel van die Groot Trek/was saam op die Groot Trek/was al op die Groot Trek gemaak.<br>• Dit is deel van ons geskiedenis/erfenis.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.14 | (Hulle maak) pap/bier.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 1.15.1 | voordelig | 1 |
| | | |
| 1.15.2 | • Dit is ekonomies/goedkoop/nie duur nie.<br>• Dit bevat baie proteïene./Dit het (drie keer) meer proteïene as beesvleis./Dit is gesond.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 1.15.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.15.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 1.16.1 | E/Dié gereg neem lank om voor te berei. | 1 |
| | | |
| 1.16.2 | D/Hierdie gewilde gereg het naam gemaak oorsee. | 1 |
| | | |
| 1.16.3 | A/In die Vrystaat gebruik hulle veral lamsvleis vir hierdie gereg. | 1 |
| | | |
| 1.16.4 | F/Die Nederlanders het hierdie gereg na ons land toe gebring. | 1 |
| | | |
| 1.16.5 | B/Hierdie is 'n heerlike kerriegereg van die Wes-Kaap. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.17 | • LekkeSlaap het dit gedoen om hulleself/hulle diens te **bemark**.<br>• Dit het toeriste se **belangstelling geprikkel** om deur Suid-Afrika te toer.<br>• Dit het mense gemotiveer om die verskillende provinsies te besoek/die **geregte te gaan proe**.<br>• Dit is **informatief**/bemagtigend./Dit gee inligting.<br>• Dit het Suid-Afrika se **koskultuur aan almal bekendgestel**.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.18 | Ja.<br>• Mense leer jou ken deur dit wat jy eet.<br>• Dit wat jy eet, sê iets van wie jy is/waarin jy belangstel/wat jou voorkeure is.<br>• Die kos wat jy eet, wys vir ander van watter kultuur jy is/wat jy aangeleer het.<br>• As jy vet is, eet jy dalk baie.<br>• As jy gesond eet, lyk jy goed.<br>• As jy gesonde kos eet, sal jy gesond wees en as jy ongesonde kos eet, sal jy ongesond wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>• 'n Mens behoort nooit te veralgemeen nie.<br>• Jy kan nie altyd kies wat jy eet nie./Die keuse van wat jy eet, lê nie altyd by jou nie.<br>• Persoonlike situasies/gesondheid bepaal dikwels wat mense mag eet/nie mag eet nie.<br>• Sommige mense eet gesond, maar word nog siek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.19 | Kandidate kan 'n <u>oorhoofse/algemene motivering</u> gee waarom die woord by die inhoud pas, bv.:<br>• Baie van hierdie kosse waarvan ons lees, gee vir mense die kans om lekker saam te kuier.<br>• Kos bring geselligheid; daarom kuier mense lekker saam as hulle eet.<br>• LekkeSlaap wou juis hê dat mense lekker kuier terwyl hulle die kos in die verskillende provinsies geniet.<br>• In die meeste gevalle waar mense kuier, is daar iets om te eet.<br>• Mense kuier as hulle hierdie tipe kos eet.<br>• Kos bring mense saam.<br>• Toeriste sal graag kuier as hulle in die provinsies rondtoer en die kos probeer.<br>• Aanvaar ook die aanhaling: "In Suid-Afrika beteken lekker eet dikwels ook lekker kuier!"<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.19 (vervolg) | **OF**<br>Kandidate kan 'n <u>voorbeeld</u> gee waarom die woord gepas is, bv.:<br>• In paragraaf 3 word daar direk gesê dat jy nie die *gatsby* alleen eet nie; dit is kuierkos.<br>• In paragraaf 5 lees ons dat *shisa nyama* tot lekker kuier om die braaivleisvuur lei.<br>• In paragraaf 8 kuier mense saam om 'n lekker potjie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | |

| **TEKS B: TV-GIDS** |
|---|
| [Verwerk uit verskeie gidse en <u>google</u>] |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.20 | Dit wys/dui aan dat dit 'n fliek/film/rolprent is.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.21 | • Daar is 'n O-simbool langs die program.<br>• Dit is 'n omnibus (wat deur 'n O aangedui word).<br>• Daar word aangedui dat dit 'n herhaling van 'n paar episodes in die reeks is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.22 | C/die probleme tussen hom en sy geliefde. | 1 |
| 1.23 | Die prentjie pas, want dit wys ...<br>• dat hulle sing/daar mikrofone in hulle hande is/dat daar 'n sangkompetisie is.<br>• dat daar twee mense/'n duo sing.<br>• waaroor die program gaan/dat die program iets met musiek te doen het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.24 | • Daar is verskillende programme/meer as een program op SABC 2 wat nuus en sake van die dag aanbied.<br>• Die nuus word van vroegoggend af al aangebied.<br>• Die nuus word op verskillende tye aangebied.<br>• Die nuus word in verskillende tale aangebied.<br>• Ek kan die nuus ook op Facebook volg.<br>• Via het geen nuus/sakeprogramme nie./Via het net programme oor kos, musiek, reis, huise en die lewe.<br>• Morning Live is op SABC 2.<br>• Nuus<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.25 | • Dit is gebruikersvriendelik, want 'n mens...<br>  ○ hoef nie baie te lees nie/kan van soeklees/vluglees gebruik maak.<br>  ○ kan dadelik sien watter programme alles aangebied word.<br>  ○ kan sien wanneer programme aangebied word.<br>  ○ kan jou kyktyd beplan. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| | ○ kan dadelik sien watter en wanneer programme herhaal word (indien jy dit dalk gemis het).<br>○ kan kortliks sien waaroor die verskillende programme gaan/wie die aanbieders is.<br>• Daar is ook prente/simbole/sleutels by (daarom verstaan jy makliker).<br>• Die inligting is duideliker in twee tabelle./Netjiese uitleg/lees makliker.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING B: OPSOMMING**

**Nasien van die opsomming**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf. Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

  (Indien selfs net één van die feite 'n direkte aanhaling is, ignoreer hierdie kategorie en beoordeel volgens die volgende kategorie.)

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 4–5 korrekte aanhalings: maksimum 1 punt vir taal word toegeken
  - 2–3 korrekte aanhalings: maksimum 2 punte vir taal word toegeken
  - **Toegewing:** Indien die kandidaat slegs één korrekte feit gee en daardie feit is 'n direkte aanhaling, verdien die kandidaat net 1 punt vir die feit (aanhaling) en geen punte vir taal nie.
  - 'n Direkte aanhaling is woord vir woord. Indien een woord uitgelaat of omgeruil is, is dit nie 'n direkte aanhaling nie.

**LET WEL:**

**Getal woorde:**

- Nasieners moet die getal woorde verifieer.
- Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
- Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener VYF woorde ná die 70-woordegrens aan lees en nasien. Ignoreer die res van die opsomming.

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 2**

**TEKS C: VREEMDE FEITE OOR SELFONE**
[Verwerk uit af.kuzminykh.org en af.inditics.com]

| **DIREKTE AANHALING** | | **EIE WOORDE** |
|---|---|---|
| Vandag gebruik miljarde mense wêreldwyd selfone om te kommunikeer. Hier is 'n paar vréémde feite oor selfone.<br><br>Ons sien taxi's om elke hoek en draai in Suid-Afrika. Dan is dit moeilik om te glo dat daar **meer selfone** in Suid-Afrika is, **as wat daar taxi's, televisiestelle en radio's saam is**. | 1 | Daar is **meer selfone** in Suid-Afrika **as taxi's, televisiestelle en radio's** (saam)./Daar is minder taxi's, televisiestelle en radio's (saam) as wat daar selfone is./Meer selfone as wat daar taxi's, televisiestelle en radio's in Suid-Afrika is. |
| Mense raak ongelukkig as hulle nie hulle selfone kan gebruik nie. Dan kan 'n mens verstaan dat die meeste mense **110 keer per dag op die een of ander manier hulle selfone gebruik.** | 2 | (Die meeste) mense **gebruik 110 keer per dag** hulle selfone./(Die meeste) mense kyk 110 keer per dag op hulle selfone. |
| Mense sit hulle selfone orals neer sonder om daaroor na te dink. Dalk sal mense versigtiger wees as hulle weet dat daar **19 keer meer bakterieë op selfone as op toilethandvatsels is.** | 3 | Selfone het **19 keer meer**/**meer bakterieë as** wat jy **op toilethandvatsels** kry./Selfone is vuiler as toilethandvatsels. |
| Dit is duur om 'n selfoon te besit en te gebruik. Die **hoogste bedrag** op 'n selfoonrekening was dié van Celina Aarons van Florida. **Sy het in 2011 'n rekening van 201 000 dollar gekry**. | 4 | **201 000 dollar** is **die meeste geld**/hoogste bedrag wat nog op 'n **selfoonrekening** betaal is./Celina Aarons se 201 000 dollar is die hoogste selfoonrekening ooit. |
| Daar word duisende selfone gesteel. Tog hou 'n juwelier in Hongkong die **rekord vir die 6 576 diamante wat op 'n selfoon aangebring is.** | 5 | Die rekord vir/Die **meeste diamante** op 'n selfoon is **6 576 (diamante)**./'n Juwelier in Hongkong hou die rekord vir 6 576 diamante op 'n selfoon./6576 is die meeste diamante nog op 'n selfoon. |
| Kan jy glo dat mense selfone ook vir 'n sport gebruik? Inderdaad. **In Finland is selfoongooi nou 'n amptelike sportsoort.** | 6 | **Selfoongooi** is 'n (amptelike) **sportsoort** in **Finland**. |
| Een van die probleme wat selfoongebruikers dikwels het, is dat hulle nie hulle selfone kan laai nie. Wetenskaplikes van die Bristol Robotics Laboratory in Engeland het 'n oplossing hiervoor gevind: daar is 'n manier **om selfone met urine te kan laai.**<br><br>Net wanneer jy dink jy het nou alles gehoor, is daar nuwe, vreemde feite oor selfone. | 7 | **Urine** kan gebruik word om **selfone/batterye te laai**./Wetenskaplikes van Engeland laai selfone met urine.<br><br>(72 woorde) |

| **TOTAAL AFDELING B: 10** |
|---|

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING C: TAAL**
**ALGEMENE NASIENRIGLYNE**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd. Die fout mag net nie die betekenis van die woord verander nie. Waar woordstrukture getoets word, moet dit korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
  - Aanvaar fonetiese spelling van woorde waar *(sp)* nie as vereiste aangedui is nie. Indien die fonetiese spelling die sinsbetekenis verander, word dit nie aanvaar nie.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

**TEKS D**
[Verwerk uit google images]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | Suid-Afrika**anse** *(sp)* | 1 |
| 3.2 | **gras**groen *(sp)* | 1 |
| 3.3 | A/geld nie slim gebruik nie. | 1 |
| 3.4 | • Dit is nie deur navorsing/statistiek bewys nie.<br>• Dit is slegs die adverteerder se opinie/mening./Die adverteerder is bevooroordeeld.<br>• Die adverteerder gebruik die woorde om die leser te manipuleer om die produk te koop.<br>• Nie almal gaan dink hierdie T-hemp is die beste nie.<br>• Die adverteerder wil net sy T-hemp beter laat klink.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.5 | • NOU/hoofletters<br>• **nou/NOU/**vetdruk/donkerder skrif<br>• nou!/uitroepteken/!<br>• *nou/*ander lettertipe<br>• nou/groter gedruk<br>• nóú/aksenttekens<br>• Kleur/skuinsdruk<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die verbetering moet werklik meer trefkrag verleen.)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.6 | Die vingerafdruk is effektief, want dit skep die idee dat ...<br>• die naam van die produk uniek is soos wat 'n vingerafdruk is.<br>• die hemp net so uniek is soos 'n vingerafdruk.<br>• jy 'n sekere indruk by mense sal skep as jy hierdie T-hemp dra (net soos jou vingerafdruk 'n merk maak).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.7 | • Dit beeld die produk uit./Dit wys onmiddellik wat verkoop word.<br>• Die feit dat dit anders lyk as ander advertensies trek die leser se aandag.<br>• Dit maak die advertensie so uniek soos die produk.<br>• Dis kreatief.<br>• Dit pas by die inhoud van die advertensie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.8 | "kwaliteit"<br>*(Penaliseer nie as die woord nie tussen aanhalingstekens is nie)* | 1 |
| | | |
| 3.9.1 | Mense wat ...<br>• nie (toegang tot) internet/rekenaars/selfone/data het nie.<br>• nie rekenaargeletterd is nie.<br>• nie tegnologie gebruik nie.<br>• nie die aanlynbestellings vertrou nie.<br>• nie aanlyn wil bestel nie.<br>• eers die produk wil sien.<br>• persoonlike diens verkies.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.9.2 | • Minder mense sal reageer/koop.<br>• Die adverteerder verloor besigheid/verkoop nie so baie T-hemde as wat hy sou wou nie/sal minder geld maak/het minder kopers.<br>• Mense sal nie die advertensie kan sien nie en gevolglik nie bestel nie.<br>• Nie almal sal daarvan weet nie.<br>• Hy sou meer T-hemde verkoop het as hy 'n winkel gehad het/op ander plekke ook (wou) adverteer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

**TEKS E**
[Verwerk uit google images]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | Boet sê vir Jan dat **sy** groentetuin fluks **vorder**.<br>*(Die hele sin moet korrek wees.)* | 1 |
| | | |
| 4.2 | • Albei Boet se duime is in die lug./Hy wys met sy hande/vingers dat hy tevrede is./Boet wys "shap/sharp/tjap."<br>• Boet se mond is groot oop./Boet lag/glimlag.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.3.1 | B/sarkasties | 1 |
| | | |
| 4.3.2 | • Brak dink nie regtig dat die water lekker is nie.<br>• Daar is vuil water in Brak se bak.<br>• Vuil water kan nie lekker wees nie.<br>• Dis nie die eerste keer dat daar vuil water in Brak se bak is nie.<br>• Brak kan nie glo dat Boet alweer vuil water in sy bak laat val het nie/nie oplet waar die water val as hy die plante natgooi nie.<br>• Niemand hou van vuil water water in hulle bakke nie.<br>• Boet het vir die tweede keer vir Brak vuil water gegee.<br>• Brak is nie gelukkig dat Boet vir hom vuil water gegee het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 4.3.1 moet korrek wees om die punt vir Vraag 4.3.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 4.4 | moo**iste** *(sp)* | 1 |
| | | |
| 4.5 | B/baie vir sy groentetuin omgee. | 1 |
| | | |
| 4.6 | • Daar is oral waterdruppels./Daar is baie waterdruppels.<br>• Brak se bak staan naby/langs die wortels.<br>• 'n Mens kan sien dat Boet nie versigtig gooi nie.<br>• Die water spat as Boet dit uitgooi.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.7 | • In RAAMPIE 3 dink Brak dat hy kan verstaan waarom Boet vuil water op sy groente gooi (omdat water skaars is) ✓, maar in RAAMPIE 4 hoop hy dat Boet ook sal proe hoe seep smaak. ✓<br>• In RAAMPIE 3 dink Brak iets positiefs, want hy het begrip vir wat Boet doen ✓, maar in RAAMPIE 4 dink hy iets negatiefs, want hy hoop die wortels gaan sleg proe/na seep smaak. ✓<br>• Albei antwoorde in een sin met duidelike betekenis, sonder spesifieke verwysing na beide raampies. ✓✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. 1 punt vir net een kant van die ironie. Dus 1 of 2 of 0).* | 2 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 5.1**

**TEKS F: SOETE SUKSES VIR DIE NDLOVU JEUGKOOR MET HULLE EIE LIEDJIE**
[Verwerk uit *Vrouekeur*, 08 November 2019 en *Die Burger,* 25 Januarie 2023]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | koor**lede** *(sp)* | 1 |
| | | |
| 5.1.2 | v**ee**rtien *(sp)* | 1 |
| | | |
| 5.1.3 | eerste/enigste *(sp)* | 1 |
| | | |
| 5.1.4 | **Alhoewel hulle nie** die kompetisie gewen **het** nie**, was** mense mal oor hulle musiek.<br>*(Let wel: Die kandidaat verdien 1 punt vir die woordorde – **twee** werkwoorde wat geskuif het – en een 1 punt vir die komma wat op die korrekte plek tussen die 2 sinsdele is.)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.5 | Nov. *(Die punt moet daar wees.)* | 1 |
| 5.1.6 | land**s**tale | 1 |
| 5.1.7 | d**aa**g**l**i**ks** *(sp)* | 1 |
| 5.1.8 | vier | 1 |
| 5.1.9 | aan | 1 |
| 5.1.10 | beoord**elaar** *(sp)* | 1 |
| 5.1.11 | reg**te** *(sp)* | 1 |
| 5.1.12 | Voorbeelde waar **van** in 'n <u>ander betekenisverband</u> gebruik word, bv.:<br>• My **van** is Ndlovu./Ek het my **van** verander toe ek sestien geword het./ My **van** is verkeerd gespel. (Selfstandige naamwoord)<br>• Ek is **van** Kaapstad af./Ek is een **van** vyf kinders./Ek kom **van** ver af. (Voorsetsel met ander betekenis)<br>*(Aanvaar enige korrekte sin waar **van** nie die betekenis het van **to take note of** nie.)* | 1 |
| 5.1.13 | vol-gen-de **of** vol+gen+de **of** vol/gen/de<br>*(Aanvaar enige korrekte manier van verdeling.)* | 1 |

**VRAAG 5.2**

**TEKS G: PRENT**

[Bron: <u>google images</u>]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | Die kind op die stoel is besig **om** op die rekenaar **te** werk./Die kind op die stoel is besig **om te** werk op die rekenaar.<br>*(Die gedeelte waar die infinitief getoets word, moet korrek wees.)* | 1 |
| 5.2.2 | • Die twee kinders op die bed **het** die werk **bespreek**.<br>• Die twee kinders **het** op die bed die werk **bespreek.**<br>• Die twee kinders **het** die werk op die bed **bespreek**.<br>*(Enige EEN. Die hele sin moet korrek wees.)* | 1 |
| 5.2.3 | venster/ruit/vensters/ruite<br>*(Aanvaar spelling van fonetiese uitspraak)* | 1 |
| 5.2.4 | • Die kinders se kamer is **nie** altyd deurmekaar **nie**.<br>• Die kinders se kamer is **nooit** deurmekaar **nie**.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.2.5 | Die kinders pak <u>die boeke</u> <u>netjies</u> <u>op die boekrak</u>.<br>*(Die hele sin moet in die korrekte woordorde geskryf word.)* | 1 |
| 5.2.6 | sosiale media/Sosiale media/sosiale-media/sosiale netwerke/sosiale platforms | 1 |
| | | **[20]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **80** |

Kopiereg voorbehou